## KENNISGEWING VAN ’N OMGEWINGSIMPAKEVALUERINGSPROSES OPENBARE DEELNAMEPROSES

# VOORGESTELDE OPRIGTING VAN DIE WATERBERG FOTOVOLTAÏESE AANLEG OP ’N TERREIN NABY VAALWATER, LIMPOPOPROVINSIE

### DEA Verwysingsnommer 12/12/20/1913

---

***Projeknaam:*** Waterberg Fotovoltaïese Aanleg

***Applikant:*** Thupela Energy

***Voorgestelde Aktiwiteit:*** Die oprigting van ’n fotovoltaïese aanleg en gepaardgaande infrastruktuur op die plaas Goedgevonden KR 104, sowat 24 km noordoos van Vaalwater in die Limpopoprovinsie.

***Konsep OIE-verslag beskikbaar vir besigtiging:*** ’n Konsep OIE-verslag is deur Savannah Environmental opgestel en is tans beskikbaar vir openbare besigtiging. U word uitgenooi om die verslag by een van die volgende plekke te besigtig:

- Vaalwater Biblioteek
- Waterberg Distrikmunisipaliteit
- Modimolle Plaaslike Munisipaliteit
- www.savannahsa.com

***Tydperk vir Openbare Besigtiging:*** Die tydperk vir openbare besigtiging is vanaf **29 Oktober 2010 tot 29 November 2010**. Dien asseblief u skriftelike kommentaar in teen 29 November 2010.

***Openbare Vergadering:*** Ten einde kommentaar oor die konsep OIE-verslag verder te vergemaklik en om terugvoer oor die bevindinge van die spesialis OIE-studies te bied, sal ’n openbare vergadering ten tyde van die besigtigingstydperk gehou word. Alle belangstellende en geaffekteerde partye word uitgenooi om dit by te woon.

**Datum:** 12 November 2010
**Tyd:** 14:00 – 16:00
**Plek:** Vaalwater – H/v Voortrekkerstraat en die nuwe Lephalale pad (oorkant die Total Vulstasie & Spar)

Kontak asseblief **Batho Earth** om skriftelike kommentaar oor die konsep OIE-verslag in te dien.

**Ingrid Snyman** van **Batho Earth**

Posbus 148 Sunninghill, 2157
Tel: 082 779 2750
Faks: 086 684 0547
E-pos: ingrid@bathoearth.co.za
www.savannahsa.com

# (On)Gesuiwerde rioolwater - geduld die wagwoord...

**Dr Neels Gerber, Algemene Bestuurder: Mogolklub, is deur Mogol Pos gekontak om agter die korrekte inligting rakende die (on) gesuiwerde rioolwater te kom.**

In opdrag van die Waterberg Distriksmunisipaliteit se gesondheidsinspekteur mag die klub tans geen gesuiwerde rioolwater aan privaatverbruikers voorsien nie. Probleme word tans by die Paarl rioolwerke ondervind en die Munisipaliteit, met Exxaro se hulp, is volstoom besig om die probleem op te los.

Die ecoli-telling in die water hou tans 'n gesondheidsrisiko in en daarom het die gesondheidsinspekteur die Mogolklub versoek om watervoorsiening te staak.

Die munisipaliteit is verantwoordelik vir die Paarl suiweringswerke, waarna die gesuiwerde water oorgepomp word in 'n Exxaro dam. Nadat die water verder behandel is, word dit dan aan die klub voorsien vir gebruik en verspreiding.

Die klub het spesiale toestemming van die gesondheidsinspekteur en Exxaro gekry om die water op die sportvelde en gholfbaan onder streng voorwaardes uit te spuit. Sodoende word die vlak van die betrokke Exxaro-dam verlaag sodat die water in daardie dam ook gesuiwer kan word.

Toegang tot die sportvelde is vir die hele week gestaak en daar was geen subseksies wat die velde gebruik het nie. Indien water op die gholfbaan gespuit is, is daar addisionele hekke by die ingange opgerig om toegang tot die gholfbaan te beperk. Kennisgewings is ook opgesit en geen gholfspelers is daar toegelaat nie.

Dis duidelik dat die klub baie skade aan hulle tuine en die gholfbaan gely het - veral met die afgelope besondere hitte. Hulle het glad nie toegang tot vars water vir besproeiing nie.

Die klub kommunikeer op 'n weeklikse basis met gebruikers per sms en indien iemand dit nie ontvang nie, kontak asseblief die klub sodat hulle die besonderhede op die databasis kan opdateer.

Daar is nog geen aanduiding wanneer die Munisipaliteit weer gesuiwerde rioolwater aan Exxaro kan verskaf nie.

Die klub is dus ook in die duister oor wanneer daar water aan hulle verskaf sal word.

Die klub bedank almal vir hulle geduld en samewerking in dié verband.

**ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE MOKOLO WATERGEBRUIKERSVERENIGING**
**GENERAL ANNUAL MEETING OF THE MOKOLO WATER USERS ASSOCIATION**

Alle watergebruikers in die Mokolo opvangsgebied word uitgenooi na die algemene inligtingsvergadering
All water users in the Mokolo catchment are hereby invited to the general information meeting.

Let asb dat geen verkiesing sal paasvind nie. V die volgende verkiesing sal in Junie 2011 plaasvind.
Please note that no election will take place. Next election will be in June 2011.

Datum/Date: 26 November 2010
Tyd/Time: 10h00
Plek/Venue: NG Kerk Ellisras Wes
Kontak/Contact: 014 763 3095 vanaf /from 8:00-13:00

**WHAT BENEFITS DOES SAVING ENERGY HOLD?**

- It saves the environment
- It saves you money
- It ensures energy for all

**Facts & Hints**

**KENNISGEWING VAN 'N OMGEWINGSIMPAKEVALUERINGSPROSES OPENBARE DEELNAMEPROSES**

**VOORGESTELDE OPRIGTING VAN DIE WATERBERG FOTOVOLTAÏESE AANLEG OP 'N TERREIN NABY VAALWATER, LIMPOPOPROVINSIE**

**DEA Verwysingsnommer 12/12/20/1913**

***Projeknaam:*** Waterberg Fotovoltaïese Aanleg

***Applikant:*** Thupela Energy

***Voorgestelde Aktiwiteit:*** Die oprigting van 'n fotovoltaïese aanleg en gepaardgaande infrastruktuur op die plaas Goedgevonden KR 104, sowat 24 km noordoos van Vaalwater in die Limpopoprovinsie.

***Konsep OIE-verslag beskikbaar vir besigtiging:*** 'n Konsep OIE-verslag is deur Savannah Environmental opgestel en is tans beskikbaar vir openbare besigtiging. U word uitgenooi om die verslag by een van die volgende plekke te besigtig:

» Vaalwater Biblioteek
» Waterberg Distrikmunisipaliteit
» Modimolle Plaaslike Munisipaliteit
» www.savannahsa.com

***Tydperk vir Openbare Besigtiging:*** Die tydperk vir openbare besigtiging is vanaf **29 Oktober 2010 tot 29 November 2010**. Dien asseblief u skriftelike kommentaar in teen 29 November 2010.

***Openbare Vergadering:*** Ten einde kommentaar oor die konsep OIE-verslag verder te vergemaklik en om terugvoer oor die bevindinge van die spesialis OIE-studies te bied, sal 'n openbare vergadering ten tyde van die besigtigingstydperk gehou word. Alle belangstellende en geaffekteerde partye word uitgenooi om dit by te woon.

**Datum:** 12 November 2010
**Tyd:** 14:00 – 16:00
**Plek:** Vaalwater – H/v Voortrekkerstraat en die nuwe Lephalale pad (oorkant die Total Vulstasie & Spar)

Kontak asseblief **Batho Earth** om skriftelike kommentaar oor die konsep OIE-verslag in te dien.

**Ingrid Snyman** van Batho Earth
Posbus 148 Sunninghill, 2157
Tel: 082 779 2750
Faks: 086 684 0547
E-pos: ingrid@bathoearth.co.za
www.savannahsa.com

THUPELA energy
Savannah ENVIRONMENTAL (PTY) LTD
Batho Earth Social and Environmental Consultants

# Dinamiese DLU Voorsitter tree uit

**Ilke Malan**

**Mnr Hans Vreugdenburg het sy laaste wyse woorde as voorsitter van die DLU met sy ewe bekwame lede gedeel tydens Vaalwater DLU se laaste Algemene jaar- en reorganisasievergadering, gehou op 12 Oktober.**

"Die Bybel is 'n boek vir alle tye en as ons as organisasie dit nie as rigsnoer gebruik nie, kan ons ook net nog 'n rigtinglose instansie word wat deur die winde van hierdie wêreld heen en weer gewaai word" was Vreugdenburg (74) se inleidingswoorde.

Mnr Vreugdenburg het in sy toespraak 'n beroep op boere gedoen om in Suid-Afrika te bly. "Dit is ons vreedsame reg. Ons moet hier vir ons kinders en kleinkinders 'n tuiste skep".

Hy het bevestig dat die herbou van die Vaalwater/Nylstroompad beskou word as 'n mylpaal in die geskiedenis van die Vaalwater DLU, aangesien die DLU al sedert 2003 ernstige vertoë aan die Provinsiale Owerheid gerig het ter opgradering van die pad. Hy het ook met vertroue gesê dat die DLU kantoor nie hoef terug te staan vir enige ander kantoor nie.

"My dank aan Johan, Marinus en Erna vir die hantering van die administrasie. My waarneming is dat daar baie ernstig na herstrukturering gekyk sal moet word. In die eerste instansie om veiligheid te verskerp en tweedens om die DLU se saak te bemark".

Mnr Vreugdenburg was ook in staat om sekere voorsienbare vrugtelose uitgawes te keer in sy posisie as raadslid van Waterberg Distrik Munisipaliteit, veral tydens sy diens op die Portefeuljekomitee vir Infrastruktuur.

Hy kon daarin slaag om die ongeruimdhede rakende Vaalwater se rioolstelsel reeds in 2006 bloot te lê. Hy het ook, saam met raadslid Louis Trichardt, bygedra daartoe dat Vaalwater se naamsverandering gestuit word.

"Hier moet ek dankie sê vir die inwoners van Vaalwater en die omgewing wat die petisielyste geteken het. Marinus van Dyk en Oom Harold Schaaf het my van waardevolle inligting voorsien, want hulle en 'n paar ander het die aanvanklik teenstand gebied".

Mnr Vreugdenburg het sy toespraak afgesluit deur te sê dat hy steeds 'n lid en vriend van die Vaalwater DLU sal bly en graag sal help waar hy kan. Alhoewel sy termyn as raadslid van die VF+ ook gedurende Maart 2011 verstryk, is dit lank nog nie die laaste sien van dié dinamiese man nie.

Volgens Vreugdenburg tree hy egter nie af nie, hy tree net uit. "Aangesien ek voel dat daar onafgehandelde sake in die politiek is, gaan ek my weer vir die korttermyn beskikbaar stel, want in 2012 het ons weer 'n nasionale verkiesing. My toekoms is in die Hand van die Here, en solank ek gespaar en gesond bly, sal ek my plig teenoor my Kerk, my volk en my gemeenskap met my hele hart dien".

Mnr Vreugdenburg het meer as 12 jaar gedien op die bestuur van die Algemene Raad van Vaalwater DLU en was ook vir 10 jaar sekretaris van Melkrivier Boerevereniging.

Sy invloedrykheid en ysterhand het 'n integrale bydrae gelewer tot die ontwikkeling van Vaalwater. Sy bekwame skoene as voorsitter van Vaalwater DLU word sedert 12 Oktober deur mnr Ben Mostert volgestaan.


**CV's@WORK**

Akasia Building No 1, C/o OR Tambo & Jan Louis Botha Ave, Lephalale, 0555
Tel: 014 763 1088
Fax: 014 763 1248

P O Box 1579
Lephalale
0555

**POSTE BESKIKBAAR: DRINGEND GESOEK!!!!!**

**"RIGGING" OPLEIDINGSBEAMPTE** , Rooi seël met min 4 jaar vakman/opleidings ondervinding, R25 000 – R20 000k. Engels magtig, "Train the Trainer", assessor en toesighoudende ervaring sal voordelig wees. Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die opleiding van dieleerders

tot op die punt waar hulle vaktoets kan skryf.

**ONTVANGS**, Mans persoon gesoek vir gevestigde maatskappy in die Toerisme bedryf. Matriek, R4 000 – R3 500, min 2 – 3 jaar relevante ondervinding, rekenaarvaardig, goeie telefoon ettiket. Afrikaans & Engels sprekend met die vermoëe om onafhanklik te kan werk.

**WINKEL BESTUURDER,** Dame gesoek vir groot ketting winkel. Matriek met minstens 3 jaar "retail" ondervinding, sterk bestuurs vaardighede, IR kennis, verkoops en "merchandising" vaardighede sal voordelig wees.

**BOILERMAKERS & WELDERS**, Rooi seël met minimum 1 jaar ondervinding. Salaris ohb.

Stuur CV's na martie@cvsatwork.co.za /

014 763 1248

***NB: Aanvaar u aansoek as onsuksesvol indien u geen terugvoer ontvang het binne 14 dae nie.***


# Stolen vechicle found in Soshanguve

**Ilke Malan**

**Vaalwater Police received a tip from the community on a Nissan 1400 bakkie that was stolen Tuesday night 19 October in Vaalwater extension 1.**

According to information from the community, the police were able to identify one suspect, who had been arrested. The police's tracking team managed to trace the bakkie in Soshanguve, a township near Pretoria.

According to Constable Macubele, another 4 suspects were arrested in Soshanguve.